

Die getuienis van die Heilige Gees oor die Bybel

Die Emmausgangers se harte het “warm geword” (“was brandende” – OAV) toe Jesus met hulle oor die Skrif gepraat het (vers 32).

Hulle harte was nie altyd só nie. Eens was hulle harte wel vol hoop dat Jesus Christus die Verlosser kan wees (vers 21), maar die wreedheid en finaliteit van sy kruisdood het koue water op hierdie hoop gegooi. Nou, op pad terug van Jerusalem af, is hulle harte vol teleurstelling en ontsteltenis. Hulle kan nie sien hoe God se beloftes ooit waar kan word nie!

Hoeveel mense is vandag op hierdie pad? Mense word ontnugter deur wrede werklikhede soos die dood, siekte, swaarkry en mislukings. Mense keer hulle rug op die hoop en wonder ernstig of God se beloftes ooit vir hulle waar sal word. Miskien is elke mens vroeër of later op hierdie pad. Jesus Christus kom sulke mense te hulp. Hy wil hulle weer hoop, brandende harte, gee. Kyk, Hy doen dit vir die Emmausgangers!

’n Mens is egter verras as jy oplet presies wat die Emmausgangers se harte laat brand het. Dit was nie in die eerste plek die getuienis van ander mense dat Jesus lewe (vers 22-23), of die besef dat Jesus ’n ent van die pad saam met hulle geloop het, of die wete dat daar ’n maaltyd was waar Hy saam met hulle aan tafel gesit het, of selfs die ontmoeting met sy lewende Persoon nie. Wat die Emmausgangers se harte “brandende” maak is Jesus se Bybelstudie met hulle (vers 26-27). Dit is Bybelstudie wat wys hoe God sy beloftes waar maak, juis deur die plaasvervangende lyding van Christus heen.

Onthou dus: Jesus self kies die Skrif as dié plek waar sy Gees na moedelse mense uitreik en hulle harte aanraak. Gebruik die Skrif! Waar jy met die Skrif besig is sal die Heilige Gees in jou hart getuig dat God se beloftes waar is.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~